# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (35/11)*

*Justin Chadwick (2 September 2011)*

**GESEGDE VAN DIE WEEK *"If you want to build a ship, don't drum up people together to collect wood and don't assign them tasks and work, but rather teach them to long for the endless immensity of the sea" -Antoine de Saint-Exupery, author and aviator (1900-1945)***

## KWALITEITSWERKSWINKEL

As jy 'n belang het in kwaliteitsprobleme van Nawels, Satsumas of suurlemoene moet jy op **7 September 2011 om 10:00 by Olive Grove, LNR, Stellenbosch** wees en ons help om vir die toekoms te beplan. Goeie kwaliteit verkoop altyd – en ons moet verseker dat ons, ons reputasie as 'n verskaffer van sitrus van goeie kwaliteit behou. Agenda is op www.cga.co.za beskikbaar.

## JAARLIKSE SITRUS KOöRDINERINGSVERGADERING

By dieselfde plek, maar op die volgende dag, gaan DAFF hul jaarlikse koördineringsvergadering hou. Daar sal openlik gekyk word na hoe die seisoen verloop het en daar sal beplan word om 2012 so probleemvry as moontlik te maak. Die vergadering is op **8 SEPTEMBER 2011 OM 08:30 VM BY OLIVE GROVE OUDITORIUM (LNR-INFRUITEC), STELLENBOSCH**. Agenda is op www.cga.co.za.

## ASIAFRUIT LOGISTICA

Volgende week gaan baie verteenwoordigers van die vrugtebedrywe na Hong Kong vertrek waar die Asiafruit Logistica se kongres en handelskou se gewildheid steeds toeneem. Weereens het DTI met 'n ruim begroting die verantwoordelikheid geneem, wat sal beteken dat Suid-Afrika se teenwoordigheid BESLIS opgemerk sal word. DTI het ook vir CGA gehelp om 'n kamer te bewerkstellig waar sy lede met kliënte kan vergader – daar is nog plek beskikbaar – Woensdag 7de en Vrydag 9de in die oggende vanaf 10 tot 12; en Vrydagmiddag na 14:00. Kontak John johne@cga.co.za of gloria@cga.co.za as jy 'n bespreking wil maak.

## CGA RAADSVERGADERING EN AJV

Op Dinsdag het die CGA se Raad in Port Elizabeth vergader – dit is natuurlik 'n baie mooi plek en op een na was al die Direkteure daar vir die dag se beraadslaging en die AJV. Die volledige notule sal teen die einde van volgende week gefinaliseer word en beskikbaar wees vir alle produsente-lede. Die Raad het ook gevra dat ek, bykomend tot die notule, 'n inligtingstuk moet voorberei wat sal aandui wat bespreek en besluit is. Kommunikasie na alle produsente sal altyd 'n uitdaging bly – daar word gehoop dat hierdie communiqué sal help om die produsente ingelig te hou.

Dankie aan die Oos-Kaapse produsente wat die AJV bygewoon het – dit is verblydend om te sien dat produsente in hul vereniging se aktiwiteite belangstel.

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

Dit is nou Valencia-tyd en daar is baie belangstelling in hoe die seisoen gaan eindig. Tot aan die einde van week 34 is 'n totale volume van 23 miljoen (15Kg ekwavilent) kartonne gepak. Dit is 8.5 miljoen kartonne minder as dieselfde tyd verlede jaar.

Gister het die Valencia Fokusgroep vergader en 'n redelike deel van die vergadering is daaraan gewy om die finale geskatte volumes te bespreek. In 2010 is 46.7 miljoen kartonne Valencias vir uitvoer gepak en goedgekeur – die aanvanklike skatting vir 2011 was 42.9 miljoen; dit is tydens gister se vergadering na **39.2 miljoen** verminder (daar is sommige wat voorspel dat dit selfs nog verder afgebring gaan word).

Terwyl sommige kan spekuleer dat daar 'n neiging is dat produsente vrugte langer laat hang om die swak markte te vermy, blyk dit nie die geval te wees nie. Produsente in die Noorde is reeds ver met hul oeste gevorder - Onderberg en Nelspruit streke in Mpumalanga is basies klaar; Letsitele, Limpoporivier en Hoedspruit in Limpopo Provinsie is meer as 2/3 des klaar, wat dan net die Oos-Kaap en Wes-Kaap laat om werklik aan die gang te kom. Volgens die markverslae blyk dit dat daar groeiende belangstelling na lemoene in Europa is (met die afsnydatum van die Oktober heffing wat nader kom), terwyl Midde-Ooste en Rusland blyk om te sloer met hul besluite. Dit kan wees dat hul te lank gaan sloer – wat mag lei tot mark-tekorte vir hierdie bestemmings soos die res van die suidelike halfrond se sitrusseisoen ontvou.

| Tot Week 34 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo's | 13.6 m | 12.5 m | 16 m | 12.2 m | 16 m | 14.7m | 16 m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 6.6 m | 7.3 m | 6.8 m | 6.5 m | 6.7 m | 7.9m | 7.3 m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 8 m | 9.1 m | 9.8 m | 7.8 m | 9.4 m | 9.8m | 9.8 m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels * | 19.2 m | 22.9 m | 20.2 m | LE | MOENE | 19.4m | 20.2 m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias* | 25.4 m | 31.5 m | 23 m | 45.4 m | 41.3 m | 42.9m | 39.2 m | 46.5m | 45.9m |
| | 72.8 m | 83.3 m | 75.8 m | 71.9 m | 73.4 m | 94.7m | 92.5 m | 99m | 97.2m |

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**